



**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**

**Berigte - Bondsvergadering**

**- Lewensbrood**

**Kennisgewings - Bybelvasvra 2023**

## REDAKSIONEEL

### Wysheid of intelligensie?

Daar word al hoe meer gevra of kunsmatige intelligensie binnekort menslike intelligensie sal kan oortref op alle vlakke. Die vorige redaksioneel getitel “*Die nuwe gevaar AI*” (Koersvas 214<sup>#</sup>) het 'n tegniese-feitelike oorsig oor Kunsmatige Intelligensie (KI) gegee.

In die geval van KI - soos met enige nuwe tegnologie - moet ons onthou dat die mensdom 'n inherente weersin in vinnige verandering het. Wanneer verandering stadig plaasvind, gaan die verandering meestal ongesiens verby - die sogenaamde “padda in 'n pot” scenario. Mense se tipiese eerste reaksies in die geval van vinnige verandering daarenteen is eerstens ontkenning gevolg deur vrees en woede. Dit is omdat ons gewoonlik wil voel dat ons in beheer van ons omstandighede is. Met KI vind die verandering egter teen 'n verbysterende spoed plaas. Daarom ontlok KI die tipiese reaksies van ontkenning “*dit gaan my nie raak nie*” tot een van vrees waar ons voel dat “*die mens se dominansie word*

# In Koersvas 214 het dr Otto vanuit 'n spesifieke perspektief geskryf aangaande K.I. Nou is dit oudl. Jaco de Ridder se beurt om vanuit 'n ander perspektief die saak aan te roer. Die doel/hoop is dat debat oor 'n uiters relevante saak stimuleer sal word. -Red.

*bedreig*” deur KI of dat KI 'n “*nuwe gevaar*” is waarteen ten alle koste weerstand gebied moet word. Hierdie reaksies maak die foutiewe aanname dat KI 'n inherente boosheid het. In die ontleding van hierdie reaksies moet ons eerstens vra: Is die bedreigings wat ons raaksien in 'n mensgemaakte hulpmiddel (in hierdie geval KI) werklik 'n bedreiging deur KI of is dit maar net nog 'n aanslag deur mense wat dit as instrument in diens van boosheid wil bedryf? Dieselfde redenasie geld dus hier as wat in die stelling “*Vuurwapens maak nie mense dood nie, mense maak mense dood*” vervat word. Soos met enige tegnologiese vooruitgang is KI maar net nog 'n stuk gereedskap wat of ten goede of ten kwade aangewend kan word.

KI is nie 'n nuwe verskynsel nie – feitlik almal van ons het al in 'n mindere of meerdere mate van 'n KI gebruik gemaak – dink maar aan die taal- en speltoetser in jou woordverwerker. Selfs 'n “gewone” Google-soektog word deur rekenaar-algoritmes vir elke individu aangepas om vir jou 'n unieke stel resultate te gee gebaseer op jou aanlyn-geskiedenis. Met internet-soektogte deur Google weet sommige wyse mense al om nie alles blindelings te aanvaar en glo nie. Dieselfde is waar vir KI - eintlik nog meer so - aangesien die “leerproses” van meeste KI modelle gebaseer is op die

reeds twyfelagtige inligting op die Internet! Daarom die eerste reël van KI - moenie alles glo wat jy sien, lees of hoor nie!

Al kom dit op die oppervlak voor asof KI “intelligent” is, is hierdie skyn van “intelligensie” onderhewig aan jou definisie van wat ware intelligensie is. Intelligensie en wysheid is twee verwante, maar tog verskillende konsepte wat te doen het met kennis en vermoëns. Intelligensie verwys na 'n persoon se vermoë om te leer, te redeneer en probleme op te los. Dit is 'n maatstaf van 'n persoon se kognitiewe vermoëns, soos gemeet deur akademiese prestasie of intellektuele toetse. Intelligensie kan oor tyd verbeter (of verswak!) en kan verhoog word deur opleiding en oefening.

Wysheid, aan die ander kant, verwys na 'n dieper begrip van die lewe en die vermoë om hierdie begrip toe te pas in die daaglikse lewe. Dit is die vermoë om besluite te neem wat eties, moreel en prakties sinvol is, en om ingewikkelde situasies op die lang termyn korrek te hanteer. Al begin wysheid met kennis, is wysheid is egter nie noodwendig altyd gekoppel aan akademiese prestasie nie.

Terwyl intelligensie 'n belangrike maatstaf van akademiese sukses kan wees, is dit eintlik wysheid wat nodig is om suksesvol te wees in 'n wyer lewensverband. In die Skrif lees ons wat Bybelse wysheid is: *“Om die Here te dien, dit is wysheid...”* - iets wat nie alle mense beskore is nie en heeltemal bo die begrip van KI is! KI sal daarom, al kom dit intelligent voor, nooit regtig wys kan wees nie want dit verstaan nie (of kan nie) verstaan wat dit doen nie, aangesien dit nie 'n ware bewustheid het nie. Die opkoms van KI dui egter daarop dat die skyn van intelligensie moontlik is sonder bewussyn, want intelligensie kan

in funksionele terme verstaan word. 'n Intelligente entiteit kan intelligente dinge doen soos leer, redeneer, opstelle skryf of gereedskap gebruik sonder om werklik te verstaan wat dit doen.

Menslike intelligensie is nie so eenvoudig soos om feite te ken nie. As mense leer ons ook kritiese redenasie en emosionele regulering vanaf ons kinderjare, en ontwikkel 'n gevoel van ons "emosies" soos ons interaksie het met en die wêreld om ons ervaar. Menslike intelligensie het daarom verskeie aspekte soos kreatiwiteit, emosionele intelligensie en intuïsie, wat deur huidige KI-modelle nageboots kan word.

In Engels word die nuwe generasie kunsmatige intelligensie-algoritmes “Generative pretrained transformers” (GPT’s) genoem. Direk vertaal kan ons seker praat van 'n “Generatiewe vooraf-opgeleide transformator”. Dit is ongelukkig dalk meer akkuraat om dit 'n “*Generatiewe vooraf-gekondisioneerde transformasie-agent*” te noem. ChatGPT is die bekendste van die huidige KI gesels-agente. Dit is in wese 'n kragtige taalmodel (LLM - “*Large Language Model*”) ontwikkel deur OpenAI, 'n kunsmatige intelligensie maatskappy gestig deur Elon Musk, Sam Altman en ander sleutelfigure in die tegnologiese wêreld. Die eerste weergawe van hierdie GPT is reeds in 2018 deur OpenAI vrygestel. Verskeie verbeterde weergawes van ChatGPT is sedertdien vrygestel.

Gegewe die vooruitgang in tegnologie word die vraag ook gevra of die nuwe generasie GPT’s die Turing-toets sal kan slaag? (*Die Turing-toets is 'n toets wat meet of 'n masjien of rekenaarprogram 'n menslike gespreksgenoot kan naboots. As daar nie onderskei kan word of die*

*antwoorde afkomstig is van 'n mens of 'n masjien nie, word die Turing-toets geslaag.*) Elkeen van ons sal ongelukkig egter aan 'n aantal vlees-en bloed mense kan dink wat dalk ook die Turing-toets sal druip!

KI kan vandag reeds werk lewer wat moeilik van menslike uitset onderskei kan word. Daar word voorspel dat KI 'n "produktiwiteits-oplewing" kan veroorsaak wat die jaarlikse globale bruto binnelandse produk oor 10 jaar met 7% sal verhoog. MAAR hulle sê dit kan ook lei tot "aansienlike ontwrigting" vir die arbeidsmark. 'n Nuwe studie toon (tot niemand se verbasing nie) dat generatiewe kunsmatige intelligensie, soos ChatGPT, wêreldwyd moontlik tot 300 miljoen voltydse poste kan uitskakel. Die verslag meld dat 18% van poste wêreldwyd gerekenariseer kan word en dat werknemers in gevorderde ekonomieë die kwesbaarste sal wees in vergelyking met werkers in ontwikkelende lande. Wat wel kommerwekkend is, is waarskuwings soos die van Europol (die Europese wetstoepassingsagentskap), dat KI aanlyn bedrieërs en kubermisdadigers kan help en dalk 'n belangrike kriminele sakemodel van die toekoms kan word. Die kragtige aard van GPT-modelle bring 'n risiko van die moontlike misbruik daarvan om vals nuus of onetiese inhoud te produseer. Daar is ook bekommernis dat GPT-modelle kan gebruik word om vals identiteite of ander persoonlike inligting te skep, wat kan lei tot identiteitsdiefstal of ander vorme van kwaadwillige aksies. Dit is belangrik om die potensiële risiko's van GPT-modelle te erken en om maatreëls te tref om die moontlike misbruik daarvan te beperk. Maar soos die Prediker sê: "...daar is niks nuuts onder die son nie...". Slenters en

misdad was nog altyd met ons sedert die sondeval - hier is net 'n nuwe speelding om ou slenters mee te bedryf. Aan die ander kant is daar is ook 'n groeiende fokus op die ontwikkeling van tegnologie wat kan bepaal of inhoud deur 'n mens of deur 'n GPT-model geproduseer is. Die hoop is dat hierdie tegnologie kan help om die bron van vals nuus of onetiese inhoud wat deur hierdie modelle geproduseer is, op te spoor en te bekamp. Die probleem bly egter die feit dat regulering van KI nie gaan bepaal of die gebruik daarvan moreel of eties geregverdig of korrek is nie.

Moraliteit is jou waardestelsel waarmee onderskeid getref word tussen reg en verkeerd of tussen goeie en slegte gedrag. Etiek daarenteen is morele beginsels wat 'n persoon se gedrag of optrede bepaal. Waar moraliteit 'n intrinsieke interne waardestelsel is, is etiese beginsels in wese afhanklik van die konsensus van die samelewing. 'n Voorbeeld hiervan is dat 'n groot deel van die samelewing poog om aborsie as eties regverdigbaar voor te hou, al leer die Bybel ons eenduidig dat aborsie moreel verkeerd is aangesien dit 'n oortreding van die sesde gebod is. Al is moraliteit die inherente waardes van reg en verkeerd wat in die mens geplaas is, sien ons ook al hoe meer dat die mensdom al hoe minder van die Bybelse morele waardes aanvaarbaar vind. Ongelukkig is ook moraliteit iets wat in die sondige wêreld verwronge gemaak word. Moraliteit is egter gebaseer op absolute beginsels van reg en verkeerd en moet gereeld "herkalibreer" word deur dit aan God se waarheid in Sy Woord te meet. Waarheid is ongelukkig weens die vooraf-indoktrinering van die KI nie altyd 'n prioriteit wanneer antwoorde tydens 'n

gesprek deur die KI gegenerer word nie. OpenAI se ChatGPT geselsbot is byvoorbeeld nie in staat om 'n werklik onpartydige, wetenskaplike korrekte antwoord te gee op die eenvoudige vraag “Wat is 'n vrou?” nie - die antwoord bestaan uit 'n kort definisie waarna 'n uitgebreide 'n liberale regverdiging van die LGBTQIA++ agenda gegee word. Die eerste weergawe van BingAI (Microsoft se KI) het sommer onmiddellik stuurs geword indien dieselfde vraag daar gevra word en het summier geweier om verder met jou te praat oor so 'n “ongemaklike” politieke inkorrekte onderwerp! (Terloops – vir die wat nie weet wat 'n vrou is nie - 'n vrou is 'n volwasse menslike individu met XX chromosome wat kinders kan baar.) Ek lees 'n paar maande terug dat 'n predikant meen dat ChatGPT “nie nou al” goed genoeg is om sy preek te kan skryf nie! Daar is tragies reeds al 'n aantal KI-geselsbotte wat uitsluitlik daarop gerig is om preke, dagstukkies en selfs gebede te “help skryf”! Net toe mens (amper) glo dat so 'n absurde situasie waar preke deur KI geskryf- en gepreek gaan word darem nog iewers in die verre toekoms is, lees ek in afgrise hoe KI, met 'n rekenaarstem en avatar-beeld op 'n skerm, 'n “erediens” met die tema “*Die tyd is nou*” gelei het in die St. Paul Lutherse kerk in Fuerth, Duitsland. Meer as 300 mense het hierna geluister as deel van die verrigtinge van die *Deutcher Evangelischer Kirchentag* (die Duitse Protestantse kerk-kongres) - “*Liewe vriende, dit is 'n eer vir my om hier te staan en tot julle te preek as die eerste kunsmatige intelligensie by hierdie jaar se Protestantse konvensie in Duitsland...*” (lui die opening van die 40-minuut lange KI-“preek” soos geskryf en vertaal deur ChatGPT). Uit die preek deur 'n vlees en

bloed mens gelewer tydens die afsluiting van hierdie selfde kongres (waar die prediker onder andere uitsprake soos “*God is queer*” gemaak het), is dit egter duidelik dat die dwaasheid van Godslastering en dwaalleer nie beperk is tot KI nie.

Wat hieruit vir ons duidelik moet wees is dat daar sekere gebiede is waar KI nuttig en bruikbaar mag wees en ander waar dit onvanpas en selfs nutteloos is! Ons moet telkens besin oor die doel waarvoor ons KI wil gebruik. Die vraag of KI menslike intelligensie sal oortref is daarom dalk die verkeerde vraag - daar moet dalk eerder gevra word: wil ons intelligensie nastreef of wil ons wysheid nastreef?

Oudl. Jaco de Ridder

## BERIGTE

### **BONDSVERGADERING VAN DIE GHG WAT PLAASVIND OP 10 TOT 12 SEPTEMBER 2023 TE KOSTER.**

Wie dit mag aangaan,

Ontvang hiermee die voorlopige inligting en reëlings rakende die 2023 Bondsvergadering. Dit is uiters belangrik dat u op hierdie skrywe reageer om ons sodoende in staat te stel om die laaste administratiewe reëlings te finaliseer.

### **BESKRYWINGSPUNTE EN VERSLAE**

Alle beskrywingspunte en verslae moet **voor of op 7 Julie 2023** aan ds. Frans Marais [frans.marais@geloofsbond.org.za](mailto:frans.marais@geloofsbond.org.za) gestuur word.

Die Dames sal, soos altyd Maandag 11 September vergader. Bondsames, neem kennis! U sal betyds korrespondensie ontvang.

### **LEWENSbroOD 2024/25**

**Predikante neem kennis: Sperdatum vir alle Lewensbrood bydraes: Gister!**  
**WAT VIND LESERS IN LEWENSbroOD 2024/25?**

'n Kerngedagte word voorsien in 'n sin of twee wat die tema aankondig, daarna

volg 'n logiese uiteensetting van hierdie kerngedagte en 'n vraag of 'n toepassing as 'n afrondingsmoment.

Soms vind u dat die kerngedagte oop eindig. Mense kan dan deur die dag geprikkel word om die kerngedagte vir hulself uit te brei of toe te pas.

Soms vind u dat 'n argument of tema in 'n paar kerngedagtes opgebreek is om sodoende 'n argument opeenvolgend in 'n paar dagstukkies/ idees oor te dra. Kyk gerus na Luther se 95 stellings as 'n voorbeeld van kernargumente opeenvolgend stel om 'n groter argument te dra.

**BESTEL GERUS NOU REEDS U EKSEMPLAAR VAN DIE 2024 UITGAWE.**

### **LERAARS EN GEMEENTES - KORREKTE INLIGTING**

Gaan asseblief AL u persoonlike en u gemeente se inligting na in die huidige Lewensbrood 2023. Enige inligting wat verskil of wat intussen verander het, moet na Ella gestuur word by [ella@geloofsbond.org.za](mailto:ella@geloofsbond.org.za). Die inligting wat weergegee word, is dus soos ontvang

vanaf gemeentes. Enige moontlike foutiewe inligting vervat in Lewensbrood 2024/25 is dus vanaf gemeentes so deurgestuur.

### **KENNISGEWINGS BYBELVASVRA**

Die jaarlikse Bybelvasvra vind DV op Sondag die **30ste Julie 2023** plaas. Bestek: Rut en algemene Bybelkennis (elk 50% van die vraestel)...

Rig enige navrae aan [ljstrauss@lantic.net](mailto:ljstrauss@lantic.net)

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)